Woensdag **3 April**

**Skrifgedeelte: Jesaja 60:1-22**

**Fokusgedeelte: Jesaja 60:1-3 (AFR83/2020)**

**Die tweede stem van vertroosting – Laat jou lig skyn!**

Die ballinge in Jerusalem is gekonfronteer met verwoesting, armoede en vyandigheid. Hulle voel soos vreemdelinge in hulle eie land, en sonder hoop. Die profeet is juis geroep om hierdie platgeslane, ontnugterde volk opnuut te verseker van God se teenwoordigheid. Dit was vir die volk nodig om te hoor, want miskien het hulle gewonder waar God was tydens hulle nood. Die lot van Sion het verander toe die HERE tot hulle redding verskyn het.

Die profeet sien reeds hierdie oplewing, en daarom spoor hy Jerusalem aan om haar lig te laat skyn. Sy moenie meer wegkruip onder ’n mantel van rou of hopeloosheid nie, sy moet nou reeds dit wat aan die gebeur is, uitleef. Die lig van God se reddende teenwoordigheid skyn reeds oor haar. Ja, net daar waar sy moedeloos en ontnugter staan. Die Lig wat vir Jerusalem deurbreek, simboliseer verlossing, lewe en vreugde.

Met die koms van Christus, met sy kruisiging en opstanding in Jerusalem, breek God se Lig deur en word die duisternis verdryf. Van die vroegste tyd het die Christene aanklank gevind by Jesaja se profesie, omdat hulle in Christus die vervulling daarvan gesien het.

Ons as kerk en gelowiges weet dat die evangelie van Jesus Christus die Lig vir die nasies is, dat Jesus die enigste hoop bied in ’n stukkende wêreld. Al is dit so dat God self sy Lig in die wêreld laat deurbreek, het ons as kerk steeds die roeping en opdrag om te getuig van die Lig wat gekom het.

Miskien voel jy soos Jerusalem – ontnugter deur die lewe. Weet egter dat ’n nuwe dag vir jou ook sal aanbreek soos vir Jerusalem, en dat dit bedags nie die son sal wees wat vir jou lig gee nie en snags ook nie die maan nie. Die HERE sal jou ewige lig wees – ’n lig wat nooit ondergaan of dof word nie. Hy is ons ewige Lig. Daarom kan ons – nee, behoort ons – ons lig ook so te laat skyn dat ander na ons sal kyk en sy lig sal raaksien.

*Sing: Psalm 27-1:1, 4*

*Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*